



Universiteit van Pretoria

WYSBEGEERTE EN DIE UNIVERSITEIT

CURRICULUM VITAE PROF A P DU TOIT

Andrew Pieter du Toit is op 17 Augustus 1940 te Gekwastad gebore. Na sy aanvanklike skoolopleiding te Kuruman en Tzaneen matriculeer hy in 1957 aan die Ficksburgse Hoërskool. Daarna streef hy aan die Universiteit van Pretoria in, en in 1960 behaal hy die BA-graad, en in 1963 die Diploma in Teologie.

As student het hy verskeie beurse en toekennings ontvang. In 1964 was hy een van die Abs Bailey-beurshouers na die Verenigde Koninkryk. Hy was ook een van die beurshouers na die Universiteit van Pretoria in verskeie sportsoorte verbandend.

Aan die begin van 1965 word hy as leraar van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Grahamstad georden. In 1967 voltooi hy die BA(Hons)-graad in Wysbegeerte aan die Universiteit van Rhodes. In 1968 keer hy na Pretoria terug waar hy agteroorwagings die gemeentes Mainjekop en Monumentpark bedien.

In 1971 behaal hy die MA-graad cum laude aan die Universiteit van Pretoria en in 1977 die DPhil-graad in Wysbegeerte. Op 1 Februarie 1978 word hy as Senior Lektor in die Departement Wysbegeerte aan die Universiteit van Suid-Afrika aangestel, en word in 1984 tot Mede-professor bevorder. Hy was vir twee jaar Voorseter van die Dosentevereniging van die Universiteit van Suid-Afrika en is sedert 1986 'n lid van die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Komitee vir Universiteitsdosenteverenigings. Hy het ook op verskeie

PROF A P DU TOIT

Intreerede gelewer op 2 September 1986 by aanvaarding van die Professoraat in en Hoofskap van die Departement Wysbegeerte, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van Pretoria

Op 1 Julie 1988 word hy as Professor in en Hoof van die Departement Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria aangestel.

CURRICULUM VITAE

PROF A P DU TOIT

Andrew Pieter du Toit is op 17 Augustus 1940 te Griekwastad gebore. Na sy aanvanklike skoolopleiding te Kuruman en Tzaneen matriculeer hy in 1957 aan die Ficksburgse Hoërskool. Daarna skryf hy aan die Universiteit van Pretoria in, en in 1960 behaal hy die BA-graad, en in 1963 die Diploma in Teologie.

As student het hy verskeie beurse en toekennings ontvang. In 1964 was hy een van die Abe Bailey-beurshouers na die Verenigde Koninkryk. Hy was ondervoorsitter van die Studenteraad en het die Universiteit van Pretoria in verskeie sportsoorte verteenwoordig.

Aan die begin van 1965 word hy as leraar van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Grahamstad georden. In 1967 voltooi hy die BA(Hons)-graad in Wysbegeerte aan die Universiteit van Rhodes. In 1969 keer hy na Pretoria terug waar hy agtereenvolgens die gemeentes Meintjeskop en Monumentpark bedien.

In 1971 behaal hy die MA-graad *cum laude* aan die Universiteit van Pretoria en in 1977 die DPhil-graad in Wysbegeerte. Op 1 Februarie 1978 word hy as Senior Lektor in die Departement Wysbegeerte aan die Universiteit van Suid-Afrika aangestel, en word in 1984 tot Mede-professor bevorder. Hy was vir twee jaar Voorsitter van die Dosentevereniging aan dieselfde Universiteit en vir ses jaar een van die twee verkose lede op die Senaat asook stigterslid en lid van die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Komitee vir Universiteitsdosenteverenigings. Hy het ook op verskeie besture en talle verenigings en diensorganisasies gedien.

Prof Du Toit het tydens verskeie oorsese kongresse referate gelewer, is redakteur van die boek "Reflections on Marxism" en skrywer van verskeie artikels in plaaslike en oorsese tydskrifte.

Op 1 Julie 1986 word hy as Professor in en Hoof van die Departement Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria aangestel.

Vir die doeleindes van hierdie rede wil ek aanvaar dat die Wysbegeerte aan die universiteit uit twee belangrike komponente bestaan: eerstens, die Wysbegeerte self as onafhanklike dissipline en tweedens, die Wysbegeerte in sy verbintenis met die ander dissiplines. Anders gestel: wat behoort die verhouding te wees tussen die Wysbegeerte en die ander dissiplines, en wat behoort die Wysbegeerte self te wees aan 'n universiteit? In 'n neutredop — het die Wysbegeerte 'n doelwit en indien wel, wat?

Ek wil soos volg te werk gaan: Eerstens wil ek my toespits op sekere aspekte van die verhouding tussen die Wysbegeerte en die vakwetenskappe deur te kyk na *enkele, geselekteerde* voorbeelde uit die geskiedenis met die oog op die vraag — kan ons uit hierdie verbintenis iets leer oor die taak van die filosofie? Teen hierdie agtergrond wil ek dan 'n aantal kriteria aanbied vir die suksesvolle en aanvaarbare aanbieding van die Filosofie aan die universiteit.

1. Wysbegeerte en die vakwetenskappe

Eerstens dan enkele gedagtes oor die Wysbegeerte en die vakwetenskappe. In die begin, by die ou Grieke, het alle kennis onder die begrip wysbegeerte geval. Die *sophia* van die Grieke het baie meer ingesluit as wat onder ons woord wysheid verstaan word. Waar die mens ook al sy intelligensie beoefen het, hetsy in praktiese, alledaagse omstandighede, in die kunste, in sake of oorlog, was daar plek vir die *sophia*. Philosophia, liefde vir die wysheid, het in daardie tyd eintlik die betekenis gehad van *wetenskap*, in die algemene sin van die woord.

1.1 Die ou Grieke

Daar word hedendaags opnuut gekyk na sekere sleutelbegrippe by die eerste Griekse denkers soos byvoorbeeld *sophia* (wysheid), *technè* (vaardigheid, bekwaamheid, kundigheid), *epistèmè* (ware kennis, teoretiese kennis) en *phronèsis* (gedagtes, refleksie, wysheid, praktiese wysheid). Dit is nie net die pre-Sokrate, Plato en Aristoteles wat bestudeer word nie, maar selfs skrywers wat tradisioneel nie tot die filosofie gereken is nie, soos byvoorbeeld Pindaros. En daar is goeie rede vir hierdie benadering. Dit is byvoorbeeld net moontlik dat agter die offisiële Griekse wysbegeerte van Plato, Aristoteles en ander bekendes interessante perspektiewe verskuil lê. Filosofie probeer steeds meer uitvind oor die sogenaamde oorspronge van die Filosofie terwyl hulle deeglik bewus is van die feit dat die eerste denkers aan die Filosofie 'n bepaalde of spesifieke gang gegee het. Wat aan die begin gesê of vasgelê is, word vandag opnuut herbeklemtoon, soms bevestigend en dikwels verwerp. Plato word byvoorbeeld daarvan beskuldig dat hy aan dualistiese denke beslag gegee het, 'n bonatuurlike wêreld geskep het en verkeerdelik sogenaamde filosofiese denke begin onderskei het

deur die vraag na kennis te verskuif na die vlak van die kognitiewe of konseptuele. Waarheid was vir Plato dit wat ooreenstem met die natuur, en kennis het beteken die besit van akkurate representasie op die konseptuele vlak.

Aan die ander kant het van die ou Griekse denkers weer opnuut 'n inspirasie vir sommige kontemporêre filosofe geword. Gadamer se hermeneutiek is hiervan 'n voorbeeld; hy vind 'n belangrike aanknopingspunt by die Griekse *technè* en Aristoteles se "philosophia practica": die hermeneutiese handeling van iets in bewussyn bring, word gesien as 'n handeling van die praktiese lewenswyse.

1.2 Die ontstaan van die eerste universiteite

Hoe dit ook al sy, vir baie eeue is die eenheid van kennis onder die begrip filosofie bewaar en met die spontane ontstaan van die eerste universiteite aan die begin van die 13e eeu uit vroeër gevestigde skole, en die skole gestig deur pouse en konings, het die universiteite deur hul gemeenskaplike karakter — duidelik te onderskei van die skole — steeds hierdie eenheid vertoon. Teen die laat Middeleeue is die term *universitas*, wat oorspronklik enige wettige, gedefinieerde gilde of koöperasie beteken het, op hierdie inrigtings van toepassing gemaak.

Hierdie eerste universiteite het ontstaan nie soseer vanweë die teenstand van byvoorbeeld die kerk nie, dié was daar wel, maar na aanleiding van 'n behoefte aan sekere beginsels en waardes. Die studente het hulself in 'n eie gilde gegroepeer juis omdat hul hulself verbind het aan 'n gemeenskaplike doel, die soeke na kennis en waarheid (Ferruolo 1985: 4 *et seq*). Die idee van die essensiële eenheid van alle onderrig was die grondslag en strewe van die eerste universiteite te Parys, Bologna, Oxford, Cambridge, Napels en Toulouse.

1.3 Die sewentiende eeu

In die sewentiende eeu het 'n groot verandering gekom. Galileo (1564 — 1642) se meganika het 'n nuwe tydperk ingelui: 'n nuwe siening van wetenskap het ontwikkel, dié van 'n onafhanklike wetenskap. Die wette van die meganika het die natuur onder wette geplaas wat op hulle eie kon staan en nié meer onder die eerste beginsels van die Wysbegeerte geressorteer het nie. Hierdie omwenteling is weerspieël in die werke van die belangrike filosofe van daardie tydperk — Bacon, Descartes met sy meganiese wêreldbeeld, wat die onderskeid tussen materie en gees finaal vaslê en 'n metodologiese wyse van kennis ingestel het, Hobbes, Spinoza, Leibniz en Locke. Die slagkreet van die 17e eeu was *dinge* en nie woorde nie! Die mens het nou uitgevind dat hy deur die Fisika, Wiskunde en Astronomie self die waarheid kon ontdek. Newton se fisika het die materialistiese/meganistiese

wêreldbeskouing verder verstewig. Metafisika is op die agtergrond geskuif en kennisleer het in die Filosofie prominent begin word met vroeë soos — Wat is die status van my kennis? Hoe weet ons? Dit was die begin van 'n proses wat die Wysbegeerte geleidelik die handlangers van die sogenaamde moderne wetenskappe sou maak.

1.4 Die agtiende eeu

In die 18e eeu het Immanuel Kant die onderskeid tussen Wysbegeerte en wetenskap sy werklike beslag gegee. Hy het uitgegaan van die standpunt dat die filosofie in staat is om die "fondamente" van die wetenskap, kuns, kultuur en moraliteit bloot te lê en dat dit sy taak is om universele standaarde van rasionaliteit en objektiwiteit vir alle werklike en moontlike vorms van kennis daar te stel. Die kennisleer het 'n sentrale plek gekry, want dit ontsluit die ware kennis; die kennisleer word die basis, die fondament wat alle ander kennis onderlê. Die onderskeid tussen Wysbegeerte en wetenskap was nou duidelik, die kennisleer het 'n aprioriese en die wetenskap 'n empiriese karakter (Cf. Rorty 1980: 131 *et seq*). Realiteit word in twee gesplits, die empiriese en die *phenomena* aan die een kant wat onderworpe is aan die wette van die meganika, en aan die ander kant die wêreld van die dinge, die *noumena*, waar die rede nie toegang het nie. Kant se onderskeid laat nou vir die filosofie twee moontlike wyses van ondersoek oop — die realiteit kan ondersoek word deur die wetenskaplike metode, of die prosesse waardeur *denke* realiteit vorm.

1.5 Die fenomenologie

Met die draai van hierdie eeu het die fenomenologiese metode van Husserl op die filosofiese toneel verskyn. Husserl was van oordeel dat die wetenskappe nie meer ruimte gelaat het vir fundamentele vrae soos byvoorbeeld die vraag na die syn van die mens nie. Die wetenskappe het hul al meer gewend tot die sogenaamde feitlik gegewene, die objektiewe, die soeke na die objektief verifieerbare. Die fenomenologie het nie gepoog om 'n sintese van die wetenskappe daar te stel nie, maar om vanuit die leefwêreld die samehang van die wetenskappe te behou. In die intensionele ontmoeting tussen mens en wêreld wou die fenomenoloog die fenomeen, die suiwer inhoud van die bewussyn, aanskou en sigbaar maak. Daar is gesê dat die mens die wêreld op verskillende wyses ontmoet, ook in die veelheid van verskillende wetenskappe is die ontmoeting elke keer verskillend. Realisme en idealisme is verwerp, die fenomenologiese metode, gebaseer op die intensionele dialektiese wisselwerking tussen mens en wêreld en die terugkeer na die dinge self, was die korrekte metode om die wese en sin van die fenomeen te ontdek. Die sfeer van die Neo-Kantiaanse transendentale is verbreed tot 'n veld van fenomenologiese ondersoek waarin die korrelasie

van die verskillende metodes van bewussyn bestudeer is, die sogenaamde intensionaliteit met hul intensionele objekte as korrelate. Die fenomenologie het probeer om die verbreding van die empiriese wetenskappe hok te slaan; deur die fenomenologiese metode moes die Wysbegeerte ten minste die gelyke van wetenskaplike rasionaliteit bereik (Bubner 1981: 13). Wysbegeerte is sodoende gerehabiliteer. Die monumentale fenomenologie met sy verskillende uitloper sou uiteindelik as metode van onskatbare waarde wees vir vakgebiede soos die Sielkunde, Psigiatrie, Opvoedkunde, Teologie, Sosiologie en Volkekunde, om maar enkele te noem.

1.6 Die positivisme en daarna

Die Wysbegeerte se betrokkenheid by en verhouding tot die vakwetenskappe word in die geskiedenis egter nêrens beter geïllustreer as in die positivisme van die Weense sirkel nie, 'n tydperk wat omtrent alle gebiede van kontemporêre filosofie op een of ander wyse beïnvloed het. Die positiviste het hul onder andere beywer vir die uitskakeling van die metafisika en die begronding van kennis aanspraak slegs op logiese beginsels of op die sekerheid van onmiddellike ervaring. Hulle het verder gestrewe na die eenheid van die wetenskappe, die verwerping van die kognitiewe status van etiese uitsprake, ensovoorts. Die opkoms van die wetenskapsleer in dié tyd het as't ware 'n rewolusie in die Wysbegeerte en ander vakwetenskappe veroorsaak. Hierdie inspraak van die Wysbegeerte in die vakwetenskappe het meegewerk tot groot belangstelling in die semantiek, relativiteitsteorie en kwantum meganika; nuwe belangstelling in die logika, en 'n aandeel in die opkoms van behaviouristiese psigologie en die taalfilosofie van die veertiger- en vyftigerjare. Dit is onmoontlik om in hierdie kort bestek reg te laat geskied aan hierdie beweging, maar vir huidige doeleindes is dit belangrik om te let op die taak wat die Wysbegeerte hier vir homself gesien het en wat hy wel in die praktyk toegepas het, naamlik om sy kritiese karakter tot die uiterste toe te pas, klem is gelê op tegniese bedrewenheid en akkurate begripsanalise van die daaglikse sowel as die wetenskaplike taal. Filosofie was nie meer 'n sisteem van super-proposisies nie, maar 'n kritiese aktiwiteit waardeur proposisies geanaliseer word en helderheid van taalgebruik die mikpunt was. Dit het egter gou begin blyk dat die mikpunt van die Weense sirkel, naamlik die regverdiging van alle kennis deur sekerheid en die verwydering van alle twyfel, 'n onmoontlike taak was.

Daar was veral twee uitloper van die positivisme. Die eerste rigting is verteenwoordig deur Carnap wat die onpresiesheid van daaglikse taalgebruik wou vermy. Hy het hom daarop toegelê om 'n suiwer taalmodel, 'n linguïstiese apparaat, te ontwikkel met elke betekenis absoluut en presies en waarin alle essensiële logiese relasies verstaanbaar verduidelik word. Dit is natuurlik ook wat Bertrand Russell probeer doen het. Die

tweede rigting het ontwikkel rondom Gilbert Ryle en J L Austin wat die alledaagse taal wou analiseer. Beide hierdie rigtings het 'n bydrae gelewer tot die suiwering van die Filosofie — en ander dissiplines — van slegte taalgebruik. Slordige en onakkurate denke en uitdrukkingswyses is skerp aangeval en met vindingryke logiese implemente is bestaande sisteme aan flarde gesny.

Die flirtasies van die Wysbegeerte met die vakwetenskappe en die positivistiese baadjie wat baie filosowe gedra het, het ook heftige teenstand uitgelok. Martin Heidegger, ontnugter deur die klassieke fenomenologie, het van rigting begin verander en hernu die ontologie met sy klem op die Syn, in teenstelling met die ou fenomenologie wat die Syn reduceer tot die inhoud van die bewussyn. Syn word wyer, dit word vanuit die spesifiek menslike mode van bestaan, die Dasein, begryp. Omdat daar Dasein is, ontstaan die probleem van Syn, sodoende vind daar 'n verdieping van die begrip intensionaliteit plaas. Fenomenologie word sodoende gekonkretiseer in die hermeneutiek van die Dasein en gevolglik kom die transendentale fenomenologie tot 'n val (Gadamer 1981: 162).

Vir Heidegger was wêreld die omvattende horison waarin alle menswees noodwendig gebeur en waarin alle dinge is. Deur wêreld is alle syndes moontlik en dit sluit alle dinge in. Die wêreld het 'n konstituerende funksie en om mens te wees beteken om in-die-wêreld-te-wees, die mens word nie van die wêreld geskei nie. Die wetenskappe word moontlik gemaak deur die konstituerende wêreld en by die latere Heidegger kry wêreld 'n nog meer oorkoepelende funksie, as 'n dinamiese gebeure waarin Dasein opgeneem word. Die latere Heidegger het weggebreek van die gedagte van die wetenskaplikgedissiplineerde werkwyse en metodologie van die fenomenologie van Husserl. Die klem val primêr op die Syn. Die vroeëre Heidegger was min met die wetenskappe self gemeed en het min kennis van hulle gehad. Sy belangstelling was in fundamentele ontologie. Daar is natuurlik die moontlikheid om 'n positiewe relasie uit te werk tussen Heidegger se sinsdenke en die wetenskappe met die oog op wetenskaplike modelle as toetssteen vir sinsdenke, en omgekeerd, maar hierop wil ek nou nie verder ingaan nie. Heidegger konkludeer dan dat die syn die enigste gepaste tema van die Filosofie is, dit beteken dat die Wysbegeerte nie 'n wetenskap van Seindes (being) is nie, maar van die Syn, dit is ontologie. Die Wysbegeerte is die teoreties-konseptuele interpretasie van die syn, van die struktuur van die syn en sy moontlikhede. Die Wysbegeerte is dus ontologies. In teenstelling daarmee is 'n wêreldbeskouing as sulks 'n gestelde kennis *van* die syndes (beings) en 'n spesifiek gestelde houding teenoor die mens, dus nie ontologies nie, maar onties. Heidegger het dit dus heeltemal in orde gevind om aan die Wysbegeerte 'n wetenskaplike karakter toe te ken met sy domein die syn, terwyl alle nie-filosofiese wetenskappe die positiewe wetenskappe genoem is. Heidegger se aanval op die nominalisme was 'n direkte aanval op die realistiese interpretasie van die terme en begrippe van

die wetenskap. Die implikasies hiervan is dat Heidegger en sy volgelinge 'n radikale konseptuele verskuiwing voorgestaan het en dit het meteens 'n ingrypende ander wyse van verstaan van die rasionaal van die wetenskappe en die aard van die mens se bestaan in die wêreld beteken.

Nog 'n voorbeeld uit daardie era: Max Scheler het in 1928 (Scheler 1958, *et seq*) daarop gewys dat die Duitse filosofie vir dekades die eksperimentele wetenskappe gedien het deur die wetenskap se veronderstellings, metodes en doelstellings te toets. Sodoende het die Filosofie in die laaste derde van die negentiende eeu grootliks opgegaan in teorie oor kennis en ondervinding en sodoende 'n blote dienskneg van die vakwetenskappe geword. Scheler het egter 'n kentering gemerk in die taak wat die Wysbegeerte aan homself gestel het, dat daar 'n wegbeweeg was van die positivisme, Neo-Kantianisme en historisisme na 'n uiteindelijke nuwe tipe metafisika. Scheler het fenomenologies te werk gegaan en drie tipes kennis onderskei. Hy het by Heidegger se beskouing aangesluit dat die studie van die syn die beginpunt is van die uiteindelijke verstaan van die fundamentele vrae van die Filosofie. Hoe dit ook al sy, Scheler se siening van die verhouding wetenskap en Filosofie en die taakstelling wat hy vir die Wysbegeerte gesien het, is maar een voorbeeld van hoe gekompliseerd, aktueel en kontroversieel die verbintenis tussen Filosofie en vakwetenskappe op daardie tydstip was.

Die eksistensialisme het grootliks ontstaan as 'n reaksie op die rasionalisme en by die vernaamste eksistensialiste was daar 'n wegbeweeg van die wetenskappe na die sfeer van die private, die individuele. Die wetenskappe is gevolglik toegelaat om op hulle eie te staan, terwyl die Filosofie sy toevlug geneem het in die soeke na menslike vryheid en individualiteit.

1.7 Toenemende pessimisme

Die toenemende invloed van die vakwetenskappe het talle filosowe ontstel en 'n gees van pessimisme het posgevat. Filosowe het al meer begin wanhoop oor die toekoms van die Filosofie. Hierdie pessimisme kom nêrens beter tot uitdrukking as in die werk van Karl Jaspers nie. In 1962 (Jaspers 1967: 4 *et seq*) kla hy nog dat die Wysbegeerte verkeerdelik in die posisie van 'n wetenskap geplaas word. Dit word behandel asof dit 'n vertakking van objektiewe ondersoek is; net soos die ander vakwetenskappe word dit onderhewig gemaak aan identifiseerbare vooruitgang en resultate word geëis. Volgens Jaspers het die Wysbegeerte verval in 'n realisme, 'n veronderstelde kennis van voorwerpe en die bodemlose put van eindelose dispute. Denke het sy krag verloor, die filosoof is nie meer met sy hele wese betrokke nie, sy uitsprake is ontwykend, en niksseggend. Dit is net nie meer Filosofie nie ... (Jaspers, *Ibid*, 56). Waar die Filosofie jarelank die handlanger van die Teologie was, het hy nou ook die handlanger van die weten-

skappe geword. Jaspers het sy standpunt onomwonde gestel: die kriteria vir die waarheid van denke is verskillend by die wetenskap en Filosofie. By die wetenskappe lê die waarheid by die voorwerp, in die inhoud van die denke, in die oordeel. By die Filosofie is die waarheid geleë in die uiterlike en innerlike aksie, in die toestand van die gees, in die besluitnemingsakte. In die wetenskap hang die bewyse af van objektiewe navorsing, ondersoeke en eksperimente, by die Wysbegeerte hang dit van die eksistensiële realiteit af. Jaspers het natuurlik ook die gedagte van die transendente realiteit hierby aangehaal om aan die Filosofie sy volle singewing te gee. Met groot passie het Jaspers die unieke karakter van die Wysbegeerte verdedig.

Ook in die Angelsaksiese filosofie was daar stemme wat opgegaan het vir die behoud van die eie karakter van die Filosofie.

So bv. vind ons by Ludwig Wittgenstein dat hy in albei sy filosofiese tydperke van oortuiging was dat die oorheersing van die wetenskaplike denke sedert die Renaissance 'n ramp was. Dit het denkers daartoe gedwing om ander vorme of modi van denke met wetenskaplike denke te assimileer, en volgens Wittgenstein lei dit tot ramspoedige wanbegrippe en misverstande (Magee 1973: 64—65).

Wittgenstein het beweer dat die filosoof se oorwegings nie wetenskaplike oorwegings kan wees nie, dat hy nie op empiriese wyse inligting probeer bekom nie, en ook nie sodanige teorieë voorbehou nie. Verduideliking moet plek maak vir beskrywing, filosofiese probleme is nie empiriese probleme nie. Hy het beweer dat probleme nie opgelos word deur nuwe inligting te bekom nie, maar deur die korrekte rangskikking van dit wat ons reeds weet (Wittgenstein 1963: 109).

Maar daar was natuurlik ook diegene wat voet by stuk gehou het dat die goeie filosoof ook 'n goeie wetenskaplike behoort te wees. In die vroeë sewentigerjare het Alfred Ayer nog gesê dat as jy 'n goeie filosoof wil hê, dit wil sê iemand wat nie dinge net gaan laat soos hulle is nie, jy hom met 'n wetenskaplike moet paar. Hy gaan uit van die standpunt dat werklike verandering hand aan hand gaan met 'n verandering in konseptuele denke en dit kan alleen gebeur in konjunksie met wetenskaplike teorieë. Ayer het Einstein voorgelê as 'n voorbeeld van iemand wat nie net sake daar gelaat het nie, maar ons hele begrip van tyd verander het. Ayer het dit beskou as 'n filosofiese prestasie, behaal in die lig van wetenskaplike teorie. Dieselfde argument geld vir kwantumteorie en sy hersiening van die begrip kousaliteit, aldus Ayer. Dit kon slegs gedoen gewees het binne 'n wetenskaplike konteks. Ayer glo dat vooruitgang in die Wysbegeerte slegs kan plaasvind in samewerking met die wetenskappe, slegs in konjunksie met wetenskaplike bewyse wat aandring op 'n nuwe blik op die wêreld, 'n nuwe konseptuele struktuur (Magee 1973: 86—87).

1.8 Nuwe gedagtes

Die verhouding filosofie en wetenskap het ietwat van 'n eie geskiedenis by

die Amerikaanse denkers. Sedert die tyd van John Dewey (1859—1952) was daar 'n hardnekkige beweging om die skeidslyn tussen filosofie en die ander vakwetenskappe minder streng te maak. So het die siening dat die Wysbegeerte 'n aparte en suiwer aprioriese wetenskap is, onder skoot gekom van die invloedryke filosoof W van Orman Quine wat in die sestigerjare reeds gesê het dat die Wysbegeerte aaneenskakelend is met die vakwetenskappe, dat die Filosofie as't ware saam met die meer teoretiese vertakings van wetenskaplike ondersoek smelt. Veral in Amerika het hierdie siening sterk veld gewen. In Brittanje egter het die grootste gedeelte van die filosofiese arbeid onbeskaamd apriories gebly; en skryf iemand soos John Wilson nog onlangs dat hy nie omgee om die etiket Oxford-filosof te dra nie, maar dat hy die werk wat in die VSA gedoen word om die Wysbegeerte wyer te versprei, admireer en dat hy self gretig is om dit te bevorder (Wilson 1982: 193).

Die Amerikaanse siening dat die Filosofie saamsmelt met die vakwetenskappe het interessante wendings gehad, waarvan ek net enkele wil noem: Eerstens, die filosowe het aanvanklik ewe lustig voortgegaan om te skryf oor die vakwetenskappe sonder dat hulle werklik geweet het van, of aandag gegee het aan, die detail van die kontemporêre vakwetenskappe, terwyl die vakwetenskaplikes weer op hulle beurt nog minder aandag gegee het aan die werk van die filosowe. Tweedens: Gedurende die sewentigerjare het sake egter begin verander en het 'n nuwe geslag filosowe die vakwetenskappe met erns begin studeer met die oog op die nodige interaksie. Filosowe soos Jerry Fodor, Daniel Dennet, Ned Block en andere het byvoorbeeld waardevolle werk gelewer op die gebied van die kognitiewe sielkunde, Karl Popper het saam met John Eccles, 'n neurofisioloog, 'n boek geskryf oor die menslike brein. Waardevolle bydraes is deur filosowe gelewer op die gebied van die neurowetenskappe (Patricia Churchland), evolusionêre biologie, ensovoorts. Derdens: 'n Derde uitvloeisel van die samesmelting van die Wysbegeerte met die vakwetenskappe was die ontstaan van die sogenaamde praktiese wysbegeerte, "applied philosophy", wat bv. konkrete neerslag gevind het in Amerika in die *Hastings Centre for Applied Ethics*. Die Britte het gevolg met die *Society for Applied Philosophy* wat die ondersteuning geniet van bekende Britse filosowe uit die analitiese skool soos Alfred Ayer, R M Hare en D J O'Connor. 'n Vierde uitvloeisel was die hertoetrede tot die filosofiese arena van ou verwaarloosde temas, maar ook nuwe temas. Voorbeelde hiervan is wat vandag onder die vaandels vaar van: die filosofie van arbeid, die filosofie van die tegnologie, kultuurfilosofie, Oosterse filosofie, professionele etiek, mediese etiek, die vrou en kultuur, die filosofie van sport, ens..

Een van die beste maniere om meer uit te vind van die interaksie tussen die Wysbegeerte en die vakwetenskappe en die gevolglike resultate daarvan, is om te gaan kyk hoe dit in die praktyk werk in die verskillende onderafdelings van die Wysbegeerte. Kom ons neem as voorbeeld die

filosofie van die denke, òf soos dit ook bekendstaan, filosofie van die sielkunde. Hier het ons een van die aktiefste gebiede in die kontemporêre filosofie. Die afgelope dertig jaar het daar opwindende veranderinge plaasgevind — baie van die tradisionele temas en teorieë het onherkenbaar verander. Voor hierdie verandering was die werk wat op hierdie gebied gedoen is, gekenmerk deur die verwerping van teorieë van denke ten gunste van ondersoek na die gewone daaglikse taalgebruik. Daar is uitgegaan van die standpunt dat taalanalise, dit wil sê 'n delikate, logies-formele studie van die onderskeidings, nuanses en beskrywings van gewone taalgebruik oor denke, grootliks die verwarring en probleme in die filosofie van denke sou opklaar. Hierdie benadering het 'n groot bydrae gelewer tot die verstaan van die begrippe in die filosofie van denke; diepgaande konseptuele probleme is blootgelê en heelwat konseptuele verwarring is opgeklar. Filosofe en navorsers in ander vakgebiede is gedwing om met groter verantwoordelikheid en omsigtigheid met hul begrippe om te gaan. Die sogenaamde "ordinary language philosophers" het nie alleen die logies-konseptuele vaardighede daargestel om 'n groot aantal teorieë vir altyd die nek in te slaan nie, maar filosofe en ander vakwetenskaplikes is gedwing om sisteembouery in heroorweging te neem. Voorbeelde van hierdie tipe filosofering kom voor by veral persone soos Gilbert Ryle, Ludwig Wittgenstein en J L Austin.

Dit is nou ongeveer 30 jaar ná die hoogbloei van die taalfilosofie, en alhoewel daar filosofe is wat dit nog steeds beoefen, het sake in die filosofie van denke intussen heelwat verander. Die meeste filosofe is nie meer bereid om net konseptuele analise te doen nie — alhoewel daar konsensus is oor die aanvullende rol wat dit kan speel. Soos Dennett dit gestel het — filosofe wou nie net praat oor 'n perd nie, maar wou ook gaan kyk hoe lyk 'n perd, òf minstens 'n boek lees van iemand wat die moeite gedoen het om na 'n perd te gaan kyk (Dennett 1978: 250).

Die filosoof het opnuut vir hulself afgevra wat die taak van die filosofie van die denke is? Hulle was selfs bereid om mee te doen aan teorievorming oor denke. Dennett was van oordeel dat as daar enigsins teorieë sou kom, dit nie deur die ou leunstoelmetodes geproduseer sou word nie. Die filosoof kon dus kies tussen drie moontlikhede: Eerstens kon hy Filosofie oorboord gooi en empiriese teorieë najaag in die domein van die Sielkunde of breinwetenskappe. Tweedens kon hy teorie laat vaar en tevrede wees om linguïstiese analise te bedryf met die gepaardgaande beskeie resultate. Derdens is daar die keuse van 'n meta-teoretikus te wees, 'n konseptuele kritikus van die empiriese teorieë van die betrokke wetenskappe.

Dennett sê dat dit veral hierdie laaste opsie is, wat gesien word as 'n afdeling van die wetenskapsleer, wat hedendaags die beste resultate lewer (Ibid: 250). Hier is dus 'n duidelike voorbeeld van waar die filosoof in sy taakstelling en werklike filosofiese arbeid nader beweeg aan die vakwetenskappe.

In ander studiegebiede gebeur dieselfde, soos byvoorbeeld in die induktiewe logika. Die afgelope paar dekades was die neiging steeds na 'n empiriese benadering, dit wil sê filosofe poog om erns te maak met wat wetenskaplikes doen of sê hulle doen wanneer hulle sekere afleidings maak uit die data tot hulle beskikking. Afleiding beteken hier die proses waardeur jy 'n proposisie aanvaar en bevestig op grond van een of meer proposisies wat die beginpunt van die proses is. Hierdie tipe benadering het egter ook die neiging om aan te neem dat daar geen objektiewe maatstaf is waaraan wetenskaplike afleidings behoort te voldoen nie (Kyburg in Lucy en Machan 1983: 87).

Talle pessimistiese filosofe het dus gesoek na alternatiewe benaderings vanweë die onvermoë van die Wysbegeerte om sigbare vooruitgang te maak in die sin waarin van die ander wetenskappe dit wel doen. Volgens hulle faal die Wysbegeerte daarin om 'n sistematiese bydrae te lewer volgens algemeen aanvaarde metodes van ondersoek, daar is net nie resultate nie, hetsy of die resultate aanvaar word al dan nie (Passmore 1985: 76).

1.9 Die einde van filosofie?

Die hernieude toenadering tussen die Filosofie en die wetenskap die afgelope tyd het ook ernstige implikasies vir die Filosofie as sodanig, soos byvoorbeeld blyk uit die dekonstruksieprogram van die Amerikaanse filosoof Richard Rorty. Hy probeer die kontinentale en Anglo-Amerikaanse standpunte verbind deur aansluiting te vind by Heidegger, Gadamer, Wittgenstein, John Dewey en Quine. Sy belangrike publikasie *Philosophy and the mirror of nature* kom daarop neer dat dit heeltemal verkeerd is vir die Wysbegeerte om te dink dat hy 'n spieël van die natuur kan wees. So 'n doelwit is nie alleen misplaas nie, maar tydverspillend. Dit is nie moontlik om dit wat daar buite is te ken soos die Aristoteliaanse realisme òf die empirisme ons tradisioneel geleer het nie. Die menslike kognitiewe fakulteite kan geensins vir ons die wesenlike dinge van die natuur daar buite blootlê nie. Deur dekonstruksie moet die realisme en empirisme tot niet gemaak word, want die wêreld is niks meer as die skeppinge, die refleksie van ons taal nie, en as jy die wêreld wil verander, moet jy jou taal verander. Rorty beweer dat Immanuel Kant ons mislei het en Rorty se dekonstruksieprogram is dan veral daarop gemik om die Platoniese realisme en Cartesiaanse stelsel stuk-vir-stuk af te takel. Rorty se siening het sterk verbintenisse met sekere teorieë in die wetenskapsleer. Nes Gadamer sluit hy aan by Thomas Kuhn se begrip van paradigma-veranderinge en rewolusie in die wetenskap. Volgens Rorty kom nuwe modelle in die wetenskap nie tot stand vanuit logiese oorwegings of empiriese bewyse nie, in-teendeel, belangrike hipoteses in die wetenskap word nie afgelei uit direkte observasie òf deur induksie wat op observasie gegrond is nie, nee, hulle is

skeppinge van die menslike brein. Hierdie standpunt impliseer dat ons nooit heeltemal seker kan wees van hoe en wat die natuur eintlik is nie. Die wetenskap bied eintlik vir ons niks meer en niks minder nie as sekere skemas, sekere konstruksies of voorstellinge wat ons slegs pragmaties kan regverdig. Dit wil sê die skema werk goed of swak of is gangbaar. Wanneer daar egter 'n nuwe skema kom wat beter werk, word die oue daarmee vervang. Die kerngedagte van hierdie standpunt is dat ons konseptuele skemas, ons kategorieë, ons teorieë en hipoteses — of hulle in die wetenskap of in die Wysbegeerte val, maak nie saak nie — maar net onlosmaaklik deel is van die taal wat ons gebruik om oor die wêreld te praat. Die strukture van ons taal bepaal die strukture van ons wêreld. Enige uitdrukking, stuk diskoers of teks se betekenis en die korrekte verslae daarvan, hang af van die gesitueerdheid daarvan (Gadamer 1981: 165). Hierdie hermeneutiese beginsel kan terug gevoer word na Gadamer en Wittgenstein. Op enige gewese oomblik kan ons iets soos bv. 'n wêreldbeskouing dekonstrueer en iets anders in die plek daarvan stel. Rorty probeer met sy siening vir die geesteswetenskappe dieselfde vryheid toe-eien wat die ander wetenskappe het — ons het hier dus te make met 'n tipe totale intellektuele permissiwiteit. Indien ons aanvaar dat die lewensbloed van die wetenskappe voortdurende dekonstruksie en rekonstruksie van wetenskaplike paradigmas is, behoort hierdie beginsel volgens Rorty ook te geld vir alle afdelings van die wetenskap en vir alle aspekte van menslike kultuur. Die enigste beginsel wat toegepas word is 'n pragmatiese een. Die keuse tussen verskillende paradigmas moet bloot vanuit 'n pragmatiese oogpunt gedoen word. Hierdie siening het natuurlik verreikende implikasies vir die voortbestaan van beide die Filosofie en die wetenskap soos dit tradisioneel bekend is. Rorty ondermyn die Filosofie doelbewus, hy wil dit afwys as 'n studiegebied van kognitiewe ondersoek — Filosofie is niks meer en niks minder as 'n breë, kulturele intellektuele aktiwiteit nie. En sy doelstelling is bloot om die gesprek aan die gang te hou en die nut daarvan is dat dit verheldering bring. Die ou filosofiese doelstelling van die soeke na filosofiese waarhede is dus totaal misplaas. Rorty kom tot die gevolgtrekking dat Kant verkeerdelik die Filosofie as 'n bykomstige alternatief daargestel het; wat die filosofie in die tydperk vóór Kant gedoen het, was nie te onderskei van wat wetenskaplikes gedoen het nie. Filosofie is geen superwetenskap nie.

Daar is natuurlik ernstige besware teen Rorty se pragmaties-relativistiese tipe standpunt, maar dit is nie my bedoeling om sy siening nou te evalueer nie, ek hou dit slegs voor as 'n tipiese voorbeeld van 'n poging om, soos Heidegger dit ook gedoen het, metafilosofiese vrae te stel soos die volgende: is dit enigsins moontlik om weg te breek van 'n spesifieke filosofiese of wetenskaplike woordeskat, om dit te transendeer, of is die filosoof en wetenskaplike vasgevang in sy woordeskat? As jy dit wel kan ontkom, hoe dan?

Alhoewel 'n mens versigtig moet wees om direkte parallele te trek tussen sekere benaderingswyses, is daar tog duidelik sekere affiniteite tussen Rorty se pogings en Gadamer se siening van die hermeneutiese bewussyn, dit is, die besef dat daar nie iets soos 'n privilegie-standpunt is nie, dat daar altyd 'n teenstandpunt is, dat geen standpunt so suiwer is dat ons nié daarna kan kyk om moontlike tekortkominge te identifiseer nie. Gadamer ontdek die hermeneutiese beginsel in alle wetenskappe as 'n behoorlik ondersteunende en begrondende faktor — in die natuurwetenskappe as die dimensie van die paradigmas en die relevansie van die raamwerk waarbinne jy werk, in die sosiale wetenskappe 'n soortgelyke struktuur wat beskrywe kan word as die selftransformasie van die sosiale ingenieur na 'n sosiale vennoot, en in die historiese wetenskappe die voortgaande versoening van hede, verlede en toekoms (Gadamer 1981: 166). Hermeneutiek is die kuns van eksplikasie, van interpretasie — 'n praktiese Filosofie wat hom besig hou met vrae en oplossings wat aangebied word, en vrae agter die vrae. Sekere prosedures word voorgestel vir interpretasie en verstaan; selfverstaan is 'n steeds voortgaande op-weg-wees in die wêreld, verstanend te groei in innerlike bewussyn, 'n transformasie. Die hermeneutiek is 'n teorie, 'n wyse van filosofering, 'n benaderingswyse wat voortdurend die hermeneutiese bewussyn wakker moet hou, en sodoende veral ook 'n historiese bewussyn. Hermeneutiek is nie net 'n praktyk vir interpretasie, 'n metode nie. Dit verwys dus ook na 'n natuurlike menslike kapasiteit. Dit is meer as dit, dit ontsluit die wedersydse relasies tussen die menswetenskappe en die natuurwetenskappe en poog om die metodologiese te transendeer (Bubner 1981: 51 *et seq*). Dit is 'n wyse van voorafverstaan, wat alle kennis onderlê, 'n deursigtig maak van dinge. Daarom is dit 'n filosofiese teorie van verstaan wat pretendeer om aan ons 'n universele, ontologiese beginsel te ontsluit. Hermeneutiek, as onder andere die kuns om dit wat gesê of geskryf is weer na vore te bring en vanuit 'n nuwe voorverstaan te begryp, se wortels is oral te bespeur in die geskiedenis terug tot by die ou Grieke. Gadamer se hermeneutiek maak daarop aanspraak dat dit al die wetenskappe integreer (Gadamer 1981: 137) en hiermee word die ideaal van die eenheid van die wetenskappe weer herwin.

Teen die agtergrond van wat tot op hierdie stadium gesê is, wil ek nou 'n aantal stellinge maak, en dit bring my by die tweede gedeelte van hierdie rede, naamlik —

2. Die kriteria vir die suksesvolle aanbieding van Wysbegeerte aan die universiteit

As 'n mens jouself ten doel stel om x te onderrig, moet jy ten minste weet wat x is en hoe jy te werk moet gaan om x aan te bied. Beteken Wiskunde die vermoë om hoofrekeninge te doen, òf beteken dit om iets te weet van stel-

teorie en basiese logiese beginsels? Is Opvoedkunde om iemand in te lei in die kultuur, oortuigings, beskouings en handeling van 'n sekere groep mense, of beteken dit om Piaget se teorieë goed te ken, of om jouself voor 'n matriekklas te kan handhaaf?

Is daar, ten spyte van die legio benaderingswyses, opinies, uitgangspunte en skole sekere kriteria vir goeie filosofering? Anders gestel, wat jy ookal aanbied, waar jy ookal 'n inset wil lewer in jou verbintenis met die ander vakwetenskappe, is daar sekere riglyne van onderrig of kategorieë wat as vereistes gestel kan word vir die suksesvolle en aanvaarbare aanbieding van Wysbegeerte aan 'n universiteit? Selfs hierdie kategorieë of opsies sal debateerbaar wees, maar ek wil tog sekere opsies voorhou as items waaroor onderhandel kan word om of te dien as aanbeveling, of indien ontoereikend bewys, verwerp te word.

* Die Wysbegeerte het beslis te make met die ander vakwetenskappe. Die verhouding tussen die Wysbegeerte en die vakwetenskappe was nog altyd kontroversieel en die kans is gering dat dit sal verander. Die aard van die betrokkenheid draai in wese om uiters ingewikkelde probleme, soos byvoorbeeld die aprioriese/a posterioriese en die analitiese/sintetiese probleem. Gevolglik is die debat rondom idealisme, realisme, empirisme, pragmatisme en relativisme nog lank nie afgehandel nie. Wanneer die filosoof werk waar die Wysbegeerte en 'n vakwetenskap oorleuel, is dit 'n vereiste dat hy hom deeglik sal vergewis van die inhoud van die betrokke vakgebied. Sy arbeid moet ook van nut wees vir die vakwetenskaplike. Die vakwetenskappe gaan soms voort asof hulle nie veel erg aan die Filosofie het nie; indien die filosoof 'n inset lewer, moet hy dit vir die vakwetenskaplike die moeite werd maak.

* Resultate en vordering kan geëis word van die Filosofie; die aard, identifisering en evaluasie daarvan bly kontroversieel.

* Die eenheid van die wetenskappe in die oorspronklike sin van die woord — soos by die eerste universiteite — is vir altyd verlore, en ek dink ook nie dit is moontlik om dit terug te win nie, want die vakwetenskappe in hul toenemende diversiteit en splitsing in afsonderlike studievelds en die enorme omvang van ons kennis, maak dit onmoontlik. Die hermeneutiese ideaal om die totale splitsing van die moderne wetenskappe teen te werk deur te wys op die voorveronderstellings in die verskillende dissiplines en om so interkommunikasie te bevorder, kan binne sekere kontekste nuttig wees, maar dit is te betwyfel of dit in alle kontekste nuttig en relevant is.

* Die ondersoek na dit wat die vakwetenskappe gemeen het, word hedendaags ietwat anders aangepak: Sekere gemeenskaplike probleme by die vakwetenskappe, die oplossing waarvan *buite* die bevoegdheid van die be-

trokke vakwetenskaplike lê, het die filosofe vir hulself toegeëien. Die filosoof pretendeer nie dat hy vir die ander dissiplines wil voorskryf nie, òf dat hy finale antwoorde het nie, maar hy sien byvoorbeeld die herlewing van die ou probleem van die eenheid van die wetenskappe as 'n wegspringplek vir teoretiese gesprek en samewerking, natuurlik teen die agtergrond van die gespesialiseerde kennisinsette van die onderskeie dissiplines. Hierdie tipe filosofiese arbeid probeer 'n aanvullende rol speel en respekteer die outonomie van die betrokke vakwetenskappe. Alhoewel daar verskeie maniere is om hierdie taak aan te pak, lyk die beginsel aanvaarbaar te wees.

* Die soeke na *een* metode, stelsel of vaardigheid wat die basis van alle wetenskapsbeoefening moet vorm, is af te wys. Daar is steeds filosofe wat glo dat alles deur 'n tregter gegooi moet word. Daar is nie net een sleutel wat gebruik word om 'n motor se enjin uitmekaar te haal nie. Die konteks bepaal watter vaardighede benodig word.

* Daar is ruimte vir 'n praktiese of toegepaste Filosofie, veral as 'n kritiese aktiwiteit op die metavlak.

* Die filosofie soek na die mate van waarheid en sekerheid om ten minste met vertroue te kan voortgaan met sy taak. Die eerste universiteite het hul verbind aan die soeke na waarheid. Rasionaliteit en rasionele handeling in die soeke na waarheid word nog steeds beskou as een van die grondbeginsels van die hedendaagse universiteit (Kamenka 1985: 26). Ons ondersoek het reeds aangedui dat daar denkers is wat beweer dat die soeke na waarheid tydverspilling is. Hoe dit ookal sy, die Wysbegeerte, net soos die universiteit, het hom nog altyd tot hierdie vraag gerig. En as die gevolgtrekking is dat dit 'n vrugtelose soektog is, dan moet ons ten minste deur beredenering by die punt uitkom en dan het ons ten minste dit as waarheid ontdek. Dat die Wysbegeerte nie die finale uitsluitel oor hierdie tipe vrae kry nie, moet ons nie ontstel nie. Filosofiese ondersoek en navorsing lei meer dikwels tot verskil as tot konsensus. Konsensus onder filosofe wat betref die groot filosofiese probleme, sou die einde van filosofie beteken.

* Filosofie het onder andere te make met wêreldbeskouings. Daar is filosofe wat beweer dat alle filosofie ten slotte wêreldbeskouingsfilosofie is. Hierdie beskouings kan implisiet of eksplisiet wees. Die onderrig van wêreldbeskouings kan òf daarop gemik wees om hulle bloot te verstaan, òf om 'n sekere wêreldbeskouing aan te beveel, òf beide. Wat onder wêreldbeskouing geklassifiseer moet word, is natuurlik omstrede.

* Die Wysbegeerte onderrig. Die Wysbegeerte is uiteraard deel van 'n onderwysstelsel en in hierdie geval aan 'n universiteit. Hy sal dus deel wees van en deelneem aan die opvoedkundige, sosiologiese en ander kulturele

momente in die verloop van sake. Kontemporêre filosofe word soms met reg daarvan beskuldig dat hulle belangrike kulturele probleme van die dag ignoreer (Moody 1986: 35 *et seq.*). Die onderrigtaak van die Wysbegeerte is inherent aan sigself as vakgebied, maar word ook in sy interdisiplinêre kontak gemanifesteer.

* Die Wysbegeerte is gebed in sy geskiedenis, dit wil sê hy het *wortels*. Dit is ook 'n problematiese opsie, want daar moet besluit word wat ingesluit word as geskiedenis van die Wysbegeerte. By implikasie beteken dit dat 'n mens ook moet weet wat x is as jy die geskiedenis van x wil vertel. Dit is ook so dat die arbeid van die filosoof repetisie is, in die sin waarin Kierkegaard dit bedoel het. Sy arbeid is ingebed in die geskiedenis, die probleme is dikwels oorjarig. Daar is 'n element van rehabilitasie, van restorasie in die steeds voortgaande proses van filosofering. Hier gaan dit onder andere om die self-verstaan van die enkeling in sy op-weg-wees saam met ander in die wêreld.

* Wysbegeerte en logika gaan hand aan hand. Logika was tradisioneel nog altyd 'n integrale deel van die onderrig van Wysbegeerte. By formele logika weet ons min of meer waarvan ons praat, dit is 'n afdeling met sy eie stel prosedures en kriteria vir sukses en 'n beproefde formele wyse om argument te toets; dit ondersoek die voorwaardes waaronder beredenering geldig is in alle gebiede waar denkprosesse plaasvind. Omdat die Wysbegeerte in elke stap wat hy neem na presiesheid, helderheid en konsekwentheid strew, is die logika vir hom van groot waarde.

* Filosofie is kritiese denke. Die Filosofie was nog altyd 'n dissipline wat insette gelewer het tot kritiese denke, dit wil sê, die rasonele benadering tot probleme in alle aangeleenthede, of dit nou oor fisiese, historiese, estetiese, wiskundige of watter sake ookal gaan. Die Wysbegeerte identifiseer en evalueer sekere denktegnieke en bemoei hom met die toetsing van die wyse waarop tot gevolgtrekkings geraak word. Daar is verskillende tegnieke van kritiese denke en sekere kenmerke, bv. die vraag- en antwoordmetode, verdere vrae oor wat bereik is en die voordele wat daaruit spruit.

* Die Wysbegeerte het nog altyd 'n kenmerkende konseptuele karakter gehad. Filosofe het hulself deur die geskiedenis gerig tot probleme van 'n konseptuele aard en nie tot vrae wat eenvoudig deur die ooreenstemmende empiriese informasie bevredig word nie. Ned Block skryf ter inleiding tot die twee volumes van *Readings in philosophy of psychology* dat wetenskaplikes normaalweg self konseptuele probleme in die wetenskap oplos.

Block gee toe dat die vaardighede wat nodig is om hierdie konseptuele probleme op te los eintlik die tipe vaardighede is waarin die filosoof onderrig is, en nie die wetenskaplike nie; maar dan sê hy ook dat slegs

diégene op die voorpunt van wetenskaplike kennis in 'n posisie is om werklik insig in die kritieke geskilpunte te kan hê, en dit stel natuurlik groot eise aan die filosoof (Block 1980: 1).

* Die Wysbegeerte is gegrond in die leefwêreld. Die filosofiese probleme het hul oorsprong in die leefwêreld en die wyse waarop die filosoof te werk gaan en die metodes wat hy gebruik om die probleme op te los, kan dikwels ook met groot vrug in die alledaagse lewe toegepas word. Studente wat Filosofie bestudeer, word nie almal professionele filosofe nie, maar die student wat slegs vir een of twee jaar Wysbegeerte neem, moet die Filosofie kan benut en toepas in die daaglikse gang van sake. Daarom verkies sommige filosofe soos byvoorbeeld Jaspers om van hul arbeid te praat as *aktiewe filosofering*, in teenstelling met filosofie as 'n statiese dogma of 'n *filosofie* (Collins in Schilpp 1957: 116).

* Die Wysbegeerte laat die moontlikheid oop vir die vraag na die transendente. Daar was nog altyd in die Filosofie ruimte vir die vraag na die transendente of soos Jaspers dit gestel het, elke filosofiese gedagte wys verder as sigself, na 'n transendente realiteit. Hierin lê vir Jaspers die sinvolheid van die Wysbegeerte (Jaspers 1967: 317). Roger Scruton het 'n soortgelyke standpunt beklemtoon in 'n onlangse werk waar hy geskryf het dat daar sekere raaiselagtige vrae na vore kom uit die empiriese navorsing wat die empiriese transendeer; hierdie vrae val buite die bestek van die wetenskap. Hierdie vrae is metafisiese vrae. Sekere antwoorde kan in geloof aanvaar word, dit wil sê, gegrond op 'n gesaghebbende teologie. Iemand wat sodanige uitsprake in die geloof aanvaar, aanvaar dit dogmaties, sonder sekere rasionele begroning. Die vraag na die moontlikheid van 'n rasionele begroning is egter 'n filosofiese kwessie, trouens, die moontlikheid van teologie as sodanig is meteens ook 'n filosofiese vraag — aldus Scruton (Scruton 1981: 4—5). Ons kan verskil oor hoe ons die vraag na die transendente moet aanpak, maar dat dit 'n filosofiese vraag is, kan ons oor saamstem.

3. Gevolgtrekking

Die onderrig van die Wysbegeerte aan die universiteit is seer seker 'n gewigtige aangeleentheid. Dit is duidelik dat die Wysbegeerte 'n belangrike inter-dissiplinêre taak het wat van die filosoof vereis om nie alleen aandag te gee aan wat in die vakwetenskappe aan die gang is nie, maar om ook 'n deeglike kennis van ander dissiplines te hê. Teen die agtergrond van die moontlike opsies of kategorieë wat 'n rol kan speel by die onderrig van die Wysbegeerte is dit duidelik dat die Wysbegeerte steeds sy eie unieke bydrae kan lewer aan 'n universiteit. Ons leef in 'n tydperk waarin daar 'n toenemende antagonisme is teen die universiteit as 'n inrigting wat hom beywer vir in-

tellektuele ondersoek en intellektuele voortreflikheid. Die eise wat aan 'n kontemporêre universiteit gestel word in 'n veranderende wêreld, raak alle vakwetenskappe, maar dit tref veral ook die hart van die Wysbegeerte. Ek het probeer aantoon dat die Wysbegeerte 'n uiters sinvolle verbinde kan hê met van die ander vakwetenskappe maar dat hy ook sy eie reg op bestaan het. Dit was Wilhelm Dilthey wat gesê het dat die lidmaatskap van die filosoof aan sulke organisasies soos 'n universiteit of akademie die filosoof se kontribusie tot gemeenskapsake kan laat toeneem. Nietemin, sê Dilthey, die permanente beginsel in die lewe van die filosoof is sy vryheid van denke, wat nooit geskend mag word nie en wat onontbeerlik is vir nie slegs sy filosofiese karakter nie, maar ook vir die vertroue in sy absolute opregtheid, en dus vir sy invloed (Dilthey 1954: 74).

SUMMARY

The contemporary philosophical scene reflects a close interdependence between philosophy and some of the special sciences. In these areas of interpenetration both philosophers and researchers from other fields should have an appreciation of what set of problems is focal to each and which problems they have in common. However, history has shown this conjunctive relationship at times to have been very strained, often posing a threat especially to the philosophers, some of whom believed that philosophy had become the handmaiden of the sciences. The analysis in this lecture, however, shows that philosophy has its own unique character and makes its own, important contribution to human thinking and human knowledge. It also shows that philosophy has a distinct inter-disciplinary nature and that the relationship between philosophy and the special sciences can be very meaningful and fruitful. Finally certain options or criteria are offered for the acceptable and successful presentation of philosophy at the university. The axioms underlying my viewpoint are that philosophy has a conceptual nature and its results are controversial. Although it poses general questions, the philosophers need to know something about the other sciences and there is no one correct method of research. There should be room for a practical philosophy, philosophers seek a measure of certainty, philosophy is concerned with world views. Philosophy has an educational function, it is imbedded in history, it is committed to precision, clarity and consistency. Philosophy is critical, it is grounded in the life-world and also directs itself to transcendental questions.

34. "Analiese Chemie" — Prof J A E Louw

35. "Die Aardwetenskap in die Biologiese konteks" — Prof D J L Venter

36. "Die Aardwetenskap in die Biologiese konteks" — Prof D J L Venter

37. "Mikro by die Graadende Skool" — Prof A H van Zyl

38. "A Qualitative Study of the Nodulation Ability of Legume Species: List 1" — Prof N Grubbelaar, M C van Rensburg en C M Todd

39. "Die Aardwetenskap in die Biologiese konteks" — Prof S P J J van Rensburg

GESELEKTEERDE BIBLIOGRAFIE

- Bakker, R. 1969. *De geschiedenis van het fenomenologisch denken*. Utrecht: Spectrum.
- Block, Ned. 1980—1. *Readings in philosophy of psychology*. Vol. 1 en 2. Londen: Methuen.
- Bubner, Rüdiger. 1981. *Modern German philosophy*. Cambridge: University Press.
- Dennet, D.C. 1978. Current issues in the philosophy of mind, in *American Philosophical Quarterly*, 15.4, 249—261.
- Dilthey, Wilhelm. 1954. *The essence of philosophy*. New York: AMS Press.
- Ferruolo, Stephen C. 1985. *The origins of the university*. Stanford: University Press.
- Gadamer, Hans-Georg. 1981. *Reason in the age of science*. Cambridge, Massachusetts: MIT Press.
- Heidegger, Martin. 1972. *Sein und Zeit*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.
- Heidegger, Martin. 1975. *Die Grundprobleme der Phänomenologie*, Gesamtausgabe Band 24. Frankfurt am Main: Vittorio Klostermann.
- Heidegger, Martin. 1978. *Metaphysische Anfangsgründe der Logik im Ausgang von Leibniz*, Gesamtausgabe Band 26. Frankfurt am Main: Vittorio Klostermann.
- Jaspers, Karl. 1958. *Philosophie und Welt*. München: R. Piper & Co. Verlag.
- Jaspers, Karl. 1967. *Philosophical faith and revelation*. Londen: Collins.
- Johnson, Patricia A. 1984. The task of the philosopher, in *Philosophy Today*, 3—18.
- Kamenka, Eugene. 1985. Philosophy and the university, in *Dialectic*, Vol. 25, 26—39.
- Magee, Bryan. 1973. *Modern British philosophy*. St. Albans, Herts: Paladin.
- Martin, J.A. jr. 1981. Collingwood and Wittgenstein on the task of philosophy, in *Philosophy Today*, 12—23.
- Ottman, Von Henning. 1980. Praktische Philosophie und Technische Welt, in *Zeitschrift für philosophische Forschung*, Band 34, 157—178.
- Passmore, John. 1985. *Recent philosophers*. Londen: Duckworth.
- Rorty, Richard. 1980. *Philosophy and the mirror of nature*. Oxford: Blackwell.
- Scheler, Max. 1958. *Philosophical perspectives*. Boston: Beacon Press.
- Schilpp, Paul Arthur. 1981. *The philosophy of Karl Jaspers*. La Salle, Illinois: Open Court.
- Scruton, Roger. 1981. *From Descartes to Wittgenstein*. Londen: Harper.
- Turnbull, Robert G. 1979—80. The role of philosophy in higher education, in *Teaching philosophy*, 3:1, 23—25.
- Wilson, John. 1982. What is teaching philosophy? in *Teaching philosophy*, 5:3, 193—201.
- Winch, Peter. 1958. *The idea of a social science and its relation to philosophy*. Londen: Routledge and Kegan Paul.
- Wittgenstein, Ludwig. 1963. *Philosophical investigations*. Oxford: Blackwell.